Leef saam

HUISGELOOF

## WELKOM

Speel "Guess who?" saam. Twee gesinslede kan teen mekaar speel, of die gesin kan in twee groepe verdeel.

*Nota:* Google "How to play Guess who?" as julle nie weet hoe die speletjie werk nie. Aangesien julle waarskynlik nie die bordspeletjie het nie, kan julle een van die volgende kaarte met mense of diere op gebruik: **https://www.printablee.com/post_guess-who-game-sheets-printable_214348/#Guess%20Who%20Character%20Sheets (https://www.printablee.com/post_guess-who-game-sheets-printable_214348/#Guess%2520Who%2520Character%2520Sheets)**. Of Google "Guess who game sheets" vir nog opsies.

Die doel van die speletjie is om uit te vind wie die "geheime persoon" is deur verskillende vrae te vra oor hoe die persoon lyk. Om die speletjie te wen, moet jy dus die regte vrae vra.

Soms maak ons afleidings oor mense, of dink ons weet alles van hulle, maar ons het halwe waarhede beet. In vandag se teksgedeelte gaan julle vir Thomas beter leer ken. Later jare sou hy as Twyfelende Thomas of Ongelowige Thomas bekendstaan.

## WONDER

Lees Johannes 20:19-31 saam.

Gesels saam:

- Thomas het die bynaam Twyfelende Thomas met 'n negatiewe konnotasie gekry. Wat het hy egter gedoen toe hy vir Jesus gesien het?
- Hoe het Jesus vir Thomas behandel toe hy getwyfel het?
- Twyfel is deel van baie gelowiges se lewe. Wanneer 'n mens deur twyfel groei, kom jy by dieper geloof uit. Hoe voel Jesus oor ons as ons twyfel?

## WEES

Skryf die volgende woorde op 'n groot vel papier: Die eerlike tafel. Skryf ook elkeen in die gesin se naam op die papier. Maak dan die volgende voornemens:

- Ons kan eerlik met mekaar wees.
- Ons kan mekaar vertel as ons twyfel.
- Ons gaan mekaar help as ons twyfel en sukkel.

Vertel vir mekaar van kere wat julle getwyfel het en hoe julle daardeur gegroei het.

## WEGSTUUR

Sit die papier op 'n tafel wat die "eerlike tafel" verteenwoordig soos julle kombuis- of eetkamertafel. Dit sal julle aan julle voornemens herinner.